Laerskool Villieria

Telefoon: 012 331 1100
012 330 0110
Faks: 012 331 4916
E-pos: villiesskool@icon.co.za

Posbus 31520
Totiusdal
0134

Ben Swartstraat
Villieria
Pretoria
0186

24 Julie 2020

INPERKINGSBRIEF 17/2020

Geagte Ouers/Voogde

Op hierdie Vrydag wil die hoof van hierdie skool vir elke ouerhuis net dankie sê vir die afgelope tyd se aanmoediging en ondersteuning.
Hoewel ek saam met etlike ouers bitter hartseer is, veral na ons personeelspan vir amper ‘n foutlose integrasie van grade gesorg het, anvaar ons besluite van hoër gesag.

Ons ouergemeenskap is in ‘n klas van sy eie en dui absoluut ook op vertroue in ons skool. Ons Graad 4-groep het week een gespog met ‘n teenwoordigheidsyfer van 93,6%.
Graad 5 is ons Graad wat as kampioene uit die stryd tree vandat leerders terug is vanaf inperking. Hartlik geluk met ‘n teenwoordigheidsyfer van 96,3%.

GRAAD 7

Met inligting tot ons beskikking lig ons ouers in dat daar ‘n 2 weke vakansieperiode aangekondig is vir Graad 7. Ouers sal per sms ingelig word oor die presiese dag wat ons begin.
Geen huiswerk sal gedurende hierdie tydperk aan ons leerders gegee word nie.
Daar is bitter hard gewerk en alle personeel terugvoer is uiters positief. Skop daai skoene maar bietjie uit.

GRAAD R – 6

Met die huidige inligting tot ons beskikking open skole eers Maandag, 24 Augustus 2020 vir die Graad R- tot Graad 6-leerders (Groen Groep).
Alle Graad R- tot 6-leerders sal, soos ons Graad 7’s, vir die eerste twee weke geen huiswerk ontvang nie. Daarna sal selektiewe huiswerk wel per e-pos aan ouers gestuur word.
LW: Soos in menige vorige skrywes, neem kennis dat hierdie huiswerk slegs vir akademiese verryking van u kind is en nie vir Assesseringsdoeleindes gebruik sal word nie.
Menige personeelterugvoer dui daarop dat talle ouerhuise uitstekend gevaar het al het jy net jou kind met lees kon stimuleer asook optel- en aftrekkombinasies. Hou so aan!!!

NASORGSENTRUM

Ek het verblydende nuus vir ons Nasorgsentrum-ouers. In ‘n skrywe van ons Vakbond (SAOU) wat ons pas ontvang het, word skole toegelaat om wel Nasorgsentrums die vakansie oop te hou.
Ingeskrewe Naskoollleerders word genooi om gedurende die vakansieperiode wel daagliks die naskool te besoek. Naskoolhekke open 06:30 en sluit om 17:30.
Om vir ons betalende naskoolouers dankie te sê, word geen vakansiegeld van enige ouer vereis nie.
Alle Covid-19 maatreëls bly steeds in plek soos tans die geval is.

GRAAD 1 (2021)

Is jou vorms in? Alle vorms moet binne 7 dae na die sluiting van die Onlineproses ingedien word. Sluitingsdatum vir die indiening van dokumentasie is 31 Julie 2020 (14:00).
Aangesien die skool gesluit is, moet u groot asseblief moeite doen om jou dokumentasie te e-pos sodat daar wel 'n bewys is en ons bereik voor of op bogenoemde datum.

GEDAGTE VIR DIE WEEK

Reis verby al die klippe op jou pad
en eendag sal jy agterkom
dat jy die berg oor gegaan het.

(Pinterest)

Villiesgroete

DP HAASBROEK
HOOF